

2 April

Skrifgedeelte: Lukas 21:5-24

Verskriklike gebeure verkondig die boodskap van Christus se koms

Die gesprek begin oor die pragtige tempel, 'n toonbeeld van stewigheid en sierlikheid. Die geskiedskrywer Josephus beskrywe die grootsheid van die gekapte wit en groen marmerblokke in die tempel. Hulle was ongeveer dertien meter lank, twee meter hoog en twee meter breed. Sou so 'n stewige gebou tot niet kon gaan? Dit was ondenkbaar. Net sowat veertig jaar na hierdie gesprek het dit tóg gebeur toe die Romeinse generaal Titus die tempel en Jerusalem vernietig het.

Hierdie verskriklike vernietiging van die godsdienssentrum van die Jode was maar net 'n voorloper van ander skrikwekkende dinge wat oor die hele wêreld sal kom (verse 9-11).

Die Here wil hiermee vir ons sê: Moenie verskrik word deur dié dinge nie. God se koninkryk hang nie af van 'n staande tempel of rustigheid en vrede in die wêreld nie. Verskriklike dinge gaan voor die einde gebeur, maar dit is nie die einde self nie (vers 9). Hierdie dinge is slegs die naderende dreuning van God se oordeel wat kom.

Intussen sal gelowiges vervolgd en gehaat word totdat Christus self weer kom. Ook dit mag ons nie verskrik nie. *“Dit sal vir julle 'n geleentheid wees om van My te getuig”* (vers 13). En die Here sal sy kinders te midde van vervolging versorg en woorde van wysheid gee.

Al beleef ek baie spanning by my werk en al woed die kwaad in ons land, weet ek dit is nie die einde nie. Ek kan getuig dat God verseker kom!

Sing: Skrifberyming 31:1

Ds PA Odendaal (Evander)